basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (30) |
| AFDELING C: | Korter Teks: Transaksionele/ Naslaan-/Informatiewe teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy behoort ongeveer 80 minute aan AFDELING A, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C te bestee.

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke teks van ŉ gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN van die onderwerpe hieronder en skryf ŉ OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek ŉ streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

1.1 Die geheimsinnige verdwyning van … **[50]**

**OF**

1.2 **BREEKPUNT** **[50]**

**OF**

1.3 Die Myan-kalender en Nostradamus maak onder andere voorspellings vir die eindtyd. Onlangs het die film 2012 ook hierdie tema aangeraak.

Is die einde van tyd en ons planeet in sig? **[50]**

**OF**

1.4 **DIE WÊRELDBEKER-SOKKERTOERNOOI!** **[50]**

**OF**

1.5

> "Sy lewe lank was hy in transito
> op pad van iewers;
> op reis na êrens."

[Uit: *Grafskrif* deur Koos du Plessis] **[50]**

**OF**

1.6 1.6.1



[Uit: *Beeld*, 15 Januarie 2010] **[50]**

**OF**


1.6.2



[Uit: *Art Explosion 300,00 Premium Image Collection*, 7 April 2010] **[50]**

**OF**

1.6.3



[Uit: *Art Explosion 300,00 Premium Image Collection*, 7 April 2010] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN van die opdragte hieronder en skryf ŉ SKRYFSTUK van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek ŉ streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**

Die volgende brief het in *Huisgenoot* se briewekolom verskyn. Reageer daarop.

Rig jou brief aan:

Die Redakteur
Huisgenoot
Posbus 1234
Johannesburg
0020

## Doodskaam vir ŉ naam




Ek is swanger met my eersteling. Ek en my man stry reeds oor wat sy naam gaan wees as dit ŉ seun is.
My man wil hê die kind moet sy oupa se name kry - Theodoris Josef.
Van afkortings of ŉ ander naam wil hy niks weet nie.
Ek glo weer een naam is genoeg en dan ook nie so ŉ moeilike naam nie. Daar is kinders wat nie eens Theodoris kan sê nie.
Ek is bang hulle gaan my kind spot en dan wil hy nie skool toe gaan nie.
Ouers behoort hulle kinders ŉ naam te gee waaroor hulle nie skaam voel nie.

[Uit: *Huisgenoot*, Mei 2009] **[30]**

**OF**

2.2 **MEMORANDUM**

Jeugbendes teister jou omgewing. Skryf ŉ MEMORANDUM aan die lede van die buurtwag om hulle in te lig oor moontlike verdagtes, hulle wyse van optrede en wat jou te doen staan as jy hulle in die omgewing opmerk. **[30]**

**OF**

2.3 **TOESPRAAK**

Jy is gevra om die matrieks toe te spreek oor KEUSES. Skryf jou volledige TOESPRAAK neer. **[30]**

**OF**

2.4 **DIALOOG**

Persoon A (gee die persoon ŉ naam) het baie moeilike huislike omstandighede en/of groot probleme. Hy/Sy het ŉ vertroulike afspraak met Persoon B – ŉ berader/sielkundige/predikant/persoon in ŉ gesagsposisie (dui aan wie) gereël.

Skryf die DIALOOG tussen hierdie persone neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN-/INFORMATIEWE TEKS

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ SKRYFSTUK van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel nie punte nie.
- LET WEL: Trek ŉ streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

3.1 **INSTRUKSIES**

Jou ma het ŉ nuwe elektriese/elektroniese toestel gekoop. Sy het ongelukkig die pamflet met die gebruiksaanwysings weggegooi. Sy verstaan nie hoe om die toestel te installeer en vir die eerste keer te laat werk nie.

Sê watter toestel dit is en skryf volledige INSTRUKSIES vir jou ma oor hoe om die toestel te installeer en korrek te gebruik. **[20]**

**OF**

3.2 **UITNODIGING**


Jou ouers sal binnekort 25 jaar getroud wees. Jy en jou broers/susters beplan ŉ formele onthaal in ŉ saal om die geleentheid te vier. NOOI jou ouers se vriende en julle familie na die geleentheid uit. **[20]**

**OF**

3.3 **POSKAART**

Jy geniet jou matriekvakansie baie. Skryf ŉ POSKAART aan jou ouers en vertel hulle van die volgende:

- Die mooi en veilige omgewing waar jy is
- Hoogtepunte wat jy reeds beleef het



**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**